# 8. SAALOPENING: Slegte Gewoontes

## Inleiding:

Ons gaan vanoggend oor gewoontes gesels. Kom ons begin met ‘n paar vragies:

1. Wat is ‘n gewoonte? (dis iets wat jy gereeld doen).
2. Is ‘n gewoonte goed of sleg? (dit kan albei wees).
3. Noem ‘n paar voorbeelde van goeie gewoontes? (borsel jou tande voor jy gaan slaap, gooi jou vuil klere in die wasgoedmandjie, sit jou bord in die wasbak as jy klaar geëet het ens.).
4. Noem ‘n paar voorbeelde van slegte gewoontes?(vloek en skel, skinder, boelie, rook en drink ens.)
5. Dink julle slegte gewoontes kan ‘gevaarlik’ wees? (ja, want jy kan jouself daardeur seermaak, of vir ander mense).

Kom ek vertel vir julle ‘n storie sodat julle kan verstaan hoekom slegte gewoontes ‘gevaarlik’ kan wees.

## Storie: Slegte Gewoontes (kort weergawe)

'n Ryk man het 'n ou leermeester gevra om sy seun te help om van sy slegte gewoontes ontslae te raak. Die leermeester het die seun deur sy tuin laat stap en hom opdrag gegee om plante te begin uittrek. Die eerstes was klein plantjies wat hy maklik uitgetrek het. Hoe verder hulle gegaan het, het groter het die plante geraak, en hoe moeilike het dit geraak om dit uit te trek.

Die laaste plant was 'n koejawelboom wat die seun glad nie uitgetrek kon kry nie. So is dit met slegste gewoontes. Wanneer hulle jonk is, is dit maklik om hulle uit te trek en van ontslae te raak maar wanneer hulle eers gevestig is en behoorlik wortel geskiet het, kan hulle nie sommer ontwortel word nie.

## Illustrasie:

Neem 'n klompie plante saam, van 'seedlings' tot groter plante, en vra dan vrywilligers om dit te probeer uittrek.

## Ten slotte:

In die Bybel word hierdie ‘gevaarlike’ slegte gewoontes sonde genoem, en omdat God sonder sonde is, kan jy nie voor Hom staan en by Hom wees as jy lewe vol sonde en slegte gewoontes is nie. Slegte gewoontes en sondes bring skyding tussen jou en God
Waar staan dit in die Bybel? Kol 3:5-17. Kom ek lees dit vir julle.